

7 Sinsleer

7.1 Enkelvoudige sin:

'n Enkelvoudige sin het altyd net een werkwoord.

Onthou: 'n hulpwerkwoord en 'n hoofwerkwoord = één werkwoord.

7.1.1 Onderwerp

Wie voer die handeling uit? Dit is die onderwerp in die sin. Byvoorbeeld: Gert vang die bal.

7.1.2 Voorwerp

Die voorwerp volg altyd na 'n oorganklike werkwoord. Vra die vrae: wie of wat? Die antwoord is die voorwerp van die sin. Gert vang die bal.

7.1.2.1 Direkte voorwerp

Die voorwerp wat volg na die oorganklike werkwoord, is die direkte voorwerp. Johan hap die appel = direkte voorwerp.

7.1.2.2 Indirekte voorwerp

Die indirekte voorwerp volg gewoonlik na die voorsetsel in die sin. Johan gee die appel (direkte voorwerp) aan Gertruida (indirekte voorwerp).

Let op:

Johan het hom (indirekte voorwerp) die appel (direkte voorwerp) gegee.

Johan het "aan" hom die appel gegee – dus ná die voorsetsel in die sin.

7.1.3 Gesegde

Dit is die werkwoordelike gedeelte. Ons praat ook van die werkwoordstuk. Die hulpwerkwoord en die hoofwerkwoord vorm saam die gesegde:

Renie het die hond gejaag.

Renie jaag die hond.

7.1.4 Bepalings

7.1.4.1 Byvoeglike bepalings

Hierdie woord of sinsnede beskryf die selfstandige naamwoord in 'n sin, byvoorbeeld:

Die bloeddorstige jagter skiet die arme bokkie.

Bloeddorstige en arme = byvoeglike bepalings.

Die jagter met die houtbeen skiet die bokkie met die krom stert.

Met die houtbeen en met die krom stert = byvoeglike bepalings.

7.1.4.2 Bywoordelike bepalings

Hierdie woord of sinsnede beskryf die werkwoordelike gedeelte in die sin.

- Bywoordelike bepaling van tyd. Wanneer?
Voor sy vertrek het hy van sy onderwysers afskeid geneem.
- Bywoordelike bepaling van plek. Waar?
Hulle stap al met die kus langs.
- Bywoordelike bepalings van wyse. Hoe?
Ek moes maar met die hoed in die hand om hulp gaan vra.
- Bywoordelike bepaling van graad. Hoe goed?
Sy sal jou help tot die bitter einde.

7.2 Saamgestelde sin

Hierdie sin het altyd twee of meer gesegdes (werkwoorde).

7.2.1 Neweskikkende sinne

Dit is wanneer daar twee hoofsinne in die sin is wat min of meer ewe belangrik is. Die een is nie ondergeskik aan die ander nie. Onthou die neweskikkende voegwoorde: en, want, maar en of.

Johan het die werk gedoen en Sannie het hom gekritiseer.

By neweskikkende sinne verander die woordorde gewoonlik nie. Soms kan voegwoorde ontbreek: Ek gaan see toe; ek gaan lekker bruin brand.

7.2.2 Onderskikkende sinne

Dit is wanneer die saamgestelde sin uit een hoofsin plus een of meer onderskikkende sinne/bysinne bestaan.

Onthou: Die sin wat saam met die voegwoord gaan, is altyd die onderskikkende sin of bysin.

7.2.1.1 Byvoeglike bysin

Die sin word gewoonlik ingelui deur die betreklike voornaamwoorde: wat, waarop, waarmee.

Die perd, waarop die man ry, het hom afgegooi.

Hoofsin: Die perd het hom afgegooi.

Byvoeglike bysin: waarop die man ry.

7.2.1.2 Bywoordelike bysinne

- a. Bywoordelike bysin van tyd. Wanneer?
Terwyl die son skyn, het ons gaan visvang.

- b. Bywoordelike bysin van plek. Waar?
Ons woon waar die twee riviere bymekaar vloei.
- c. Bywoordelike bysin van wyse. Hoe?
Daan gaan tekere asof hy besete is.
- d. Bywoordelike bysin van graad. Hoe goed?
Ons leer ons werk totdat ons dit baie goed ken.

7.3 Sinsreduksie

Dit is die verkorting van 'n sin.
Voorbeelde:

- a. Die ou man woon in die tehuis waar die oumense versorg en na gekyk word.
Die ou man woon in die versorgingseenheid/ouetehuis.
- b. Die pasiënt is nog steeds in die kamer waar die operasies uitgevoer word.
Die pasiënt is nog in die teater.

7.4 Sinsuitbreiding

Dit is die uitbreiding van 'n sin deur bepalings en bysinne.

7.4.1 Uitbreidings deur bepalings

Die man loop in die straat.
Die man met die houtbeen loop saans in die straat met die rye bome.

7.4.2 Uitbreidings deur bysinne

Die man loop in die straat.
Die man wat daar onder woon, loop in die straat.

7.5 Sinstipes

7.5.1 Stelsin

Die son kom op in die oggend.

7.5.2 Vraagsin

7.5.2.1 Algemene vraagsin

Die woordorde van die sin word verander sodat 'n vraag gevra word:
Die kat loop in die pad. Loop die kat in die pad?

7.5.2.2 Spesifieke vraagsin

Daar word van vraagwoorde gebruik gemaak: waar, wie, hoekom, ensovoorts.
"Waar loop die kat?"

7.5.3 Bevelsin

Daar moet 'n handeling volg na die bevel: "Loop uit die klas en gaan raas buite!"

7.5.4 Uitroepsin

Daar is gewoonlik 'n tussenwerpsel wat gevoel aandui: "Eina, jy knyp my arm seer!"

7.5.5 Begroeting

"Goeie môre, klas!"

7.5.6 Wenssin

"Mag julle 'n aangename vakansie hê!"

7.5.7 Direkte en indirekte rede

Die indirekte rede word gebruik wanneer 'n persoon se direkte woorde oorvertel word.

Onthou: Sommige bywoorde en voornaamwoorde verander.

Direk: Die skoolhoof het gesê: "Ek het die onderhoud gister gevoer."

Indirek: Die skoolhoof het gesê dat hy die onderhoud die vorige dag gevoer het.

Leer!

Hier word daar.

Gister word die vorige dag.

Môre word die volgende dag.

Vandag word daardie dag.

Hierdie word daardie.

Nou word toe.

Verlede word die vorige.

Afgelope word die vorige.

Let op die skryfwyse van die direkte rede:

Sy roep: "Help my asseblief!"

"Ek kan jou nie geld leen nie," hou hy vol.

7.6 Ontkenning

In Afrikaans gebruik ons die dubbele ontkenning om die negatief uit te druk.

- Die tydskrif verskyn elke dag – Die tydskrif verskyn nie elke dag nie.
- Iemand doen die werk – Niemand doen die werk nie.
- Doen jou werk! – Moenie jou werk doen nie !
- Of die een, óf die ander, is die wenner. – Nóg die een, nóg die ander is die wenner.